AD1901 6.8

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN PRETORIA

GEHOU TE PRETORIA.

SAAKNOMMER: SH.J.216/62.

DATUM: 4 APRIL 1963.

DIE STAAT teen: HARRY BAMBANE.

VOOR: MNR. W.A. VAN HELSDINGEN.

KLAGTE: REPUBLIEK VERLAAT SONDER GELDIGE PASPOORT OF PERMIT.

PLEIT: ONSKULDIG.

NAMENS DIE STAAT: MNR. V. MARINUS.

NAMENS DIE VERDEDIGING: IN PERSOON.

- - - -

TOLK: GEORGE MBUTEMALE.

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES (EDMS). BPK.

- - - -

AANKLAER: Stel klagte aan beskuldigde.

BESKULDIGDE PLEIT: Onskuldig.

FRANCOIS ALWYN SMIT : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR DIE AANKLAER: U is 'n Speurdersersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Pretoria? --- Ek is.

Gedurende Maart 1963, het u gegaan na die Federale Paspoortkantoor van Suid-Rhodesië te Beitbrug? --- Ja.

Het u die beskuldigde daar gesien? --- Ja.

Was hy binne die staatsgebied van die staat Suid-Rhodesië? --- Hy was.

Saam met wie was hy gewees? --- Hy was in 'n groep van 36 ander bantoemans.

Het u hom daarvandaan vergesel na die Republiek, en hom geneem na die kantoor van mnr. Glas, die Paspoortbeheerbeampte? --- Ek het.

Wat het daarna van die beskuldigde geword? --- Ek het hom met die groep begelei na Pretoria.

Is daar te Pretoria, in u teenwoordigheid, vingerafdrukke van die beskuldigde geneem? --- Daar is.

Op watter datum, en deur wie? --- Op 5 Maart 1963, deur Adjudant-Offiser Coetzer, by Marabastad Polisiestasie.

Is dit die vingerafdrukke op die dokument wat u in u besit het, en wat u inhandig as Bewysstuk C? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE DEUR DIE AANKLAER.

BESKULDIGDE: GEEN VRAE.

JAN GLAS : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR DIE AANKLAER: U is Paspoort Beheerbeampte, in diens van die Departement Binnelandsesake, gestasioneer te Beitbrug, op die grens van die staat Suid-Rhodesië? --- Ja.

Op 4 Maart 1963, is beskuldigde na u kantoor-toe gebring? --- Ja.

Was die beskuldigde verplig gewees om, kragtens Wet

22 van 1913, die verklaring op Vorm B.I.10. te voltooi? --- Ja.

Het hy dit kon doen? --- Ek het die vorm voltooi.

Het hy die inligting aan u gegee, om dit te kon voltooi? --- Ja.

Het hy dit vrywilliglik gedoen? --- Ja.

Was hy by volle en nugtere verstand? --- Ja.

Wat het hy aan u gesê? --- Sy volle name verstrek, William Sesetebe, ongetroud, manlik, 32, gebore Kirkwood, Kaap, burgerskap Suid-Afrika; bantoe; gerepatrieer van Rhodesië; die land verlaat op die 1ste Maart 1962; adres in Suid-Afrika: Wesbank-lokasie.

U handig in die verklaring. Dit is Bewysstuk B.

Het u die beskuldigde gevra na sy paspoort of permit om die staat te kon verlaat het? --- Ja.

Het hy enige iets kon toon? --- Nee.

GEEN VERDERE VRAE DEUR DIE AANKLAER.

GEEN VRAE DEUR DIE BESKULDIGDE.

GEORGE SEBASTIAN NIEWOUDT : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR DIE AANKLAER: U is Vingerafdrukbeampte en Vingerafdrukdeskundige, in diens van die Departement Bantoesake? --- Ek is.

U is verbonde aan die Sentrale Bewysburo, wat opgerig is kragtens Wet 67 van 1952? --- Ek is.

Het u die bewaring van 'n register wat besonderhede bevat van alle bantoes in die Republiek, aan wie bewysboeke uitgereik is? --- Ek het.

Word die register instand gehou, kragtens Wet 67 van 1952? --- Ja.

Hoe is die besonderhede verkry, wat daarin opgeneem is? --- Vrywillig verstrek deur alle persone wat aansoek doen om 'n bewysboek.

Is daar ten opsigte van iedere persoon, aan wie 'n bewysboek uitgereik is, ook 'n stel vingerafdrukke, wat in

Op 11 Maart 1963, het u die beskuldigde gespreek te Pretoria? --- Ja, ek het hom meegedeel dat hy hom in die teenwoordigheid van 'n Polisiebeampte bevind, en dat ek rede het om te glo dat hy die Republiek van Suid-Afrika verlaat het na 'n plek anders as Basoetoeland, Swaziland of Betsjoeanaland. Ek het hom meegedeel dat ek verdere besonderhede omtrent sy bewegings wil hê. Ek het hom gewaarsku dat hy nie nodig het om 'n verklaring te maak nie en, indien hy 'n verklaring maak, dit op skrif gestel sal word, en dat dit as getuienis gebruik mag word.

Hy het 'n verklaring vrywillig aan my gemaak, terwyl hy by sy gesonde verstand was, en sonder dat daar onbehoorlike dwang op hom uitgeoefen is. Hy het verklaar dat hy gedurende 1955 by die A.N.C. se "volunteers" aangesluit het.

HOF: Sal u net vir ons vertel, wat hy gesê het, wat sy bewegings gewees het voor sy arrestasie? --- Op 7 Februarie het hy Kirkwood verlaat, en van daar na Swartkopsstasie gegaan, vanwaar hy in geselskap van agt ander bantoemans, oor De Aar na Krugersdorp per trein gereis het. Te Krugersdorp Spoorwegstasie, was hulle afgehaal deur 'n bantoeman met 'n motorkar, en vandaar na Johannesburg na sekere bantoe-lokasies geneem, waar hulle in verskeie groep by verskeie plekke tuisgegaan het. Op die 17de van Februarie 1963, het hulle met drie Volkswagen-Kombi's vertrek gedurende die nag, na Lobatsi-toe, Betsjoeanaland. Vandaar af het hulle gereis en die Zambesi oorgegaan by Kasembula na Noord-Rhodesië. Van Kasembula af, is hulle na Livingstone-toe. Op Livingstone was hulle gearresteer, en van daar na Suid-Rhodesië geneem, Bulawayo-toe, en van waar hulle na Beitbrug geneem is en aan die Polisie oorhandig is.

Livingstone is in Noord-Rhodesië? --- Livingstone is in Noord-Rhodesië.

GEEN VERDERE VRAE DEUR DIE AANKLAER.

*BESKULDIGDE:* GEEN VRAE.

u kantoor geliasseer is? --- Ja.

Is die inligting van die register toeganklik vir die publiek? --- Ja.

Het u die vingerafdrukke op Bewysstuk C, ontvang van Speurdersersant Smit? --- Ek het.

Op watter datum? --- Op die 29ste Maart 1963.

Het u die register nagegaan, om te bepaal of daar aan die houer van die vingerafdrukke op Bewysstuk C, 'n bewysboek uitgereik is? --- Ek het.

Wat het u vasgestel? --- Dat daar wel 'n bewysboek uitgereik gewees het.

Aan watter persoon? --- Niziki Harry Bambane.

In watter opsigte het die vingerafdrukke op Bewysstuk C ooreengekom met dié in u besit? --- Sonder enige twyfel identies gewees.

Het u 'n fotostatiese afdruk gemaak van die register wat u gesertifiseer het as juis? --- Ek het.

Watter besonderhede verskyn alles daarin? --- Persoonsnommer: 2590113. Geboortedatum: 1938. Geboorteplek: Kirkwood. Die name van die persoon. Burgerskap: Suid-Afrikaans. Groep: Khoza. Gebore in die Republiek. Adres: Westbanklokasie. Uitgereik te Kirkwood, op 22 Junie 1956.

Is daar 'n foto op die register, van die houer van die bewysboek? --- Daar is.

Vergelyk dit met die beskuldigde se voorkoms en weinig ooreenkomstes? --- Dit blyk so te wees.

U handig dan in, die fotostatiese afskrif, Bewysstuk D.

BESKULDIGDE: GEEN VRAE.

HOF: Hoe oud is hy? --- 32 jaar.

Die Hof vind hom 32.

JACOBUS RUDOLF BODENSTEIN : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR DIE AANKLAER: Sersant, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Pretoria Sentraal.

AANKLAER SPREEK HOF: Ten slotte, wil ek inhandig beëdigd verklaring van mnr. J.C. Pretorius, tot die effek dat daar aan Harry Bambane 'n geldige reisdokument uitgereik is om na die Republiek, met inbegrip van Suid-Wes-Afrika te gaan.

S T A A T S A A K.

BESKULDIGDE HET GEEN GETUIES OM TE ROEP.

BESKULDIGDE SE REGTE WORD AAN HOM VERDUIDELIK.

BESKULDIGDE VERKIES OM NIKS TE SÊ.

AANKLAER SPREEK HOF EN VRA OM SKULDIGBEVINDING.

BESKULDIGDE SPREEK HOF EN VRA DAT DIE SAAK AFGEHANDEL MOET WORD.

U I T S P R A A K.

DEUR HOF: Daar is geen twyfel nie, volgens die Staatsgetuienis, dat hy oor die grense gegaan het sonder 'n paspoort. Dit is die aanklagte teen hom. Hy word skuldig bevind soos aangekla. Hy sal môre gestraf word.

AANKLAER HERROEP J.R. BODENSTEIN : (nog onder eed).

ONDERVRAGING DEUR DIE HOF: Met die ondervraging van die beskuldigde, het hy aan my verduidelik dat hy in opdrag van sekere A.N.C.-lede gegaan het, moet gaan na Tanganyika, waar hy militêre opleiding sou ontvang, dat hy sal terugkom as 'n offisier, en dat hy dan die ander militêre opleiding sal gee.

BESKULDIGDE: GEEN VRAE.

(UITGESTEL NA 5/4/1963).

- - - - - -

OORSKRYFSTER SE SERTIFIKAAT:

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die voorafgaande 'n ware oorskrif is van die oorspronklike getuienis meganies opgeneem in die saak van:

DIE STAAT teen: HARRY BAMBANE.

M. L. de Wet.

M.L. DE WET.
OORSKRYFSTER: LUBBE OPNAMES
(EIENDOMS) BEPERK.

Collection Number: AD1901

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.